



LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

UIT DIE KANTOOR

"We do not remember days, we remember moments." Cesare Pavese

As dit die maatstaf is waarmee ons die kwartaal mee kan meet, het ons bitter goed gedoen. Daar was soveel groot oomblikke die kwartaal gewees vir ons kinders om te onthou wat deur ons skool se personeel en ouers geskep is.

Die groot hoeveelhede sportgeleenthede was lekker om aan deel te neem. Die tennistoer na Sun City en die heelskooltoer na Stilbaai was definitiewe hoogtepunte.

Ons kan nie oor geleenthede gesels wat ons kinders vir ewig gaan onthou sonder om aan ons bitter suksesvolle konsert te dink nie. Dit was wonderlik om al ons kinders so op die verhoog te sien. Die manier hoe ons ouers en personeel hande gevat het en baie moeite gedoen het om dit vir ons kinders spesiaal te maak, is ongelooflik. Baie dankie vir dit!

Ons nuwe Klubs inisiatief het wonderlik van die grond afgekom. Ons ME-klub vir dogters het Kaleo besoek, ons landbouklub se besoek aan Nampo was besonders en ons skool se skietklub het hulle eerste skietdag gehad met ondersteuning van die Koue Bokkeveld skietklub. Ons vang ook binnekort vis as deel van ons skool se nuwe Bass visvangklub. Die geleenthede wat geskep word vir die kinders van ons skool om onvergeetlike herinneringe te bou, is groot! Dankie aan almal wat help om dit moontlik te maak.

Ek wens elke gesin in ons skoolfamilie genoeg familietyd vir die vakansie toe en stuur asseblief ons kinders veilig terug!

Pieter de Bruyn



KARAKTERBOU

Ons fokus hierdie jaar op verantwoordelikheid. Verantwoordelikheid beteken dat jy jou huiswerk pligsgetrou doen, jou klas en skoolterrein netjies hou en jou eiendom (skoolklere en skoolbenodighede) goed oppas. So wys jy dat mense op jou kan reken. Dit bou vertroue tussen jou, jou maats en jou onderwysers. As almal hul deel doen, maak dit ons skool 'n veilige en lekker plek vir elkeen van ons. Daarom Bokkies, neem vandag verantwoordelikheid van jou dade en wees 'n trotse rolmodel. Onthou: self's die kleinste goeie keuse maak 'n groot verskill!

SEKTRETARESSDAG

Bokkies bederf vir tannie Zelda.


Dankie almal!



AKADEMIE - KWARTAAL 3

WOEMA!

Die volgende leerders het baie hard gewerk en gewys dat hulle WOEMA het. Hul het elkeen hul gemiddelde punt met 5% of meer verbeter hierdie kwartaal. Ons is baie trots op elkeen van hulle.



Top 3



Zack le Roux
Graad 4
88.5%

Aiden Hufke
Graad 4
85.3%

Mieke Smit
Graad 4
81.3%

**T
O
P
3**

Derde
Kwartaal
2026



Gabriella du Toit
Graad 5
93.5%



MW Pretorius
Graad 5
90.8%



Luah du Toit
Graad 5
89.2%

**T
O
P
3**

Derde
Kwartaal

2026



Sebastian van Zyl
Graad 6
92.8%



Cassie du Toit
Graad 6
91.3%



Niël de Wet
Graad 6
90.7%

**T
O
P
3**

Derde
Kwartaal

2026



Jean Dreyer
Graad 7
90.9%



Wikus Bothma
Graad 7
89.1%



Mia Gagiano
Graad 7
89%

**T
O
P
3**

Derde
Kwartaal

2026



KONSERT

Ons reis saam met Mong na die verste uithoeke van die heelal was 'n reuse sukses! Saam het ons talle planete deurkruis op soek na die geheimsinnige "Oeslak" en ontdek dat dit eintlik hier op planeet aarde voorkom. Ons talentvolle groepie dapper kampeerdens gespeel deur Daniël du Toit, Ben van der Merwe, Wikus Bothma, Zoey Carolus en Sebastian van Zyl, het hulle uitstekende akteurstanten ten toon gestel. Geluk Bokkies, julle was tops!

Opregte dank aan elke ouer vir julle betrokkenheid by: dekor, kostuums, afrigting, snoepie en toesig. Julle spanwerk het hierdie geleentheid weer 'n hoogtepunt op die Bokkiekalender gemaak.




Mini-Krieket



Wedstryd datums 4de kwartaal

10 Oktober - Bonnievale (weg)
24 Oktober - Wynland (weg)
31 Oktober - Worcester-Noord (weg)
Maak asb. seker van hierdie sportdatums oor die naweke.

Buitelugskool Bergkroon



Ons gaan hierdie jaar 'n nuwe kampterrein besoek. Ons is baie opgewonde oor hierdie geleentheid.

- PLEK: BERGKROON (WELLINGTON)
- KOSTE: R 1080 PER LEERDER
- DATUM: 11 TOT 13 NOVEMBER
- WIE: GRAAD 5 TOT 7 LEERDERS



Kampgeld kan van vandag af in die skool se rekening inbetaal word. Stuur asb. die bewys van betaling aan Juf. Lize





**GENIET DIE VAKANSIE
BOKKIES!**

Atletiek-datums

5 November - Big Brag Braai

6 November - Kleurebyeenkoms
(velditems)

7 November - Kleurebyeenkoms
(baanitems)

Maak seker om hierdie
geleenthede nie mis te loop nie.



ME KALEO UITSTAPPIE

'n Waardevolle ervaring vir ons leersers!

Ons leersers het die wonderlike geleentheid gehad om 'n praktiese en inspirerende opleiding in Events & Etiket by te woon. Tydens die geleentheid het hulle meer geleer oor basiese eventbestuur, tafel dek, bediening van etes, tafelmaniere, gasvryheid en die belangrikheid van selfvertroue en professionele optrede.

'n Groot dankie aan Kaleo vir hierdie waardevolle ervaring en vir die geleentheid om ons leersers toe te rus met vaardighede wat hulle nog lank sal kan gebruik!



PRETDAG

Kwartaal 3 se pretdag was net wat ons nodig gehad het. Die hele skool het heerlike vars lug gekry en op 'n buitelig visuele skattejag in die veld gegaan. Wat 'n avontuur!





Kaapse Wynland tennispan 2026



BAIE GELUK AAN DIE VOLGENDE
SPELERS WAT IN DIE KAAPSE
WYNLAND TENNISSPAN VIR 2026
OPGENEEM IS:

0.13 SEUNS

Ben van der Merwe
Wikus Bothma

Daniël du Toit

0.13 DOGTERS

Zoey Carolus

Mia Gagiano

0.12 SEUNS

Cassie du Toit

0.12 DOGTERS

Cara van den Heever

Helené du Toit

Zané Bothma

0.11 SEUNS

Christopher du Toit

0.10 DOGTERS

Lindie van der Merwe

Courtrai tennistoernooi

Baie geluk aan ons 0.13
dogters wat 3de eindig en ons
0.13 seuns wat 5de eindig in
die Courtrai toernooi.



Handri Westman tennistoernooi

Seuns WEN Handri Westman
en dogters eindig 2de!



LANDBOUKLUB



Ons nuwe Landbouklub het 'n onvergeetlike uitstappie gehad na Nampo Kaap in Bredasdorp. Die seuns en dogters het dit baie geniet en het van een uitstalling na die ander gehardloop. Die reën het nie eens hulle opgewondeheid gedemp nie.

Die trekkers en stropers het veral hulle aandag getrek en ek is seker 'n nuwe opgewondenheid vir die landbou is opgewakker. Ons kan nie wag vir die volgende geleentheid nie!



SKIETDAG

Op Saterdag, 19 September, het ons skool se nuwe skietklub hulle eerste skietdag, met ondersteuning van die Koue Bokkeveld skiet tak, aangebied.

Dit was 'n wonderlike dag en ons kinders het dit nie net baie geniet nie, maar het ook bitter baie geleen.

Dit was lekker om te sien hoe ons kinders nuwe talente ontdek het. Ons kinders en hulle ouers het lekker famlietyd saam gehad wat altyd belangrik is.

Ons gaan die dag en skietdae wat daaruit spruit uitbou en so talente ontwikkel, geleenthede skep en ook saam dit geniet.

